wvv | via

# 2025 JAARVERSLAG



Saamgestel deur: plantsa

PLANTVERBETERING SUID-AFRIKA
PLANT IMPROVEMENT SOUTH AFRICA

# Jaarverslag van die Wingerdverbeteringsvereniging (WVV)

**INHOUDSOPGAWE**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Oorsig | 1 |
| 2. | Finansiële state soos op 31 Oktober 2025 | 2 |
| 3. | Uitvoerende gesag van die WVV | 2 |
| 4. | Direkteure van Plant SA | 4 |
| 5. | Lede van die WVV | 4 |
| 6. | Stand van Variëteite en Klone | 6 |
| 7. | Stand van Blokke | 9 |
| 8. | Geënte stokke beskikbaar vir die bedryf | 11 |
| 9. | Opsomming | 24 |
| 10. | Dankbetuiging | 24 |

**AFKORTINGS GEBRUIK**

| | |
|---|---|
| WVV | WINGERDVERBETERINGSVERENIGING |
| PVO | PLANTVERBETERINGSORGANISASIE |
| PLANT SA | PLANTVERBETERING SUID-AFRIKA |
| NDL | NASIONALE DEPARTEMENT VAN LANDBOU |
| SATI | SUID-AFRIKAANSE TAFELDRUIF INDUSTRIE |
| SAWKV | SUID-AFRIKAANSE WINGERDKWEKERSVERENIGING |
| PBR | PLANTTELERSREGTE |

| | |
|---|---|
| W1 | GESERTIFISEERD – VISUEEL VRY VAN ROLBLAARVIRUS |
| W2 | GESERTIFISEER – STOK VIR STOK VRY GETOETS VIR ROLBLAARVIRUS |
| K1 | KANDIDAAT MATERIAAL – VISUEEL VRY VAN ROLBLAARVIRUS |
| K2 | KANDIDAAT MATERIAAL – STOK VIR STOK VRY GETOETS VIR ROLBLAAR |
| O | ONGESERTIFISEERD |

# 1. OORSIG

## 1.1 Finansiële jaar

Daar is aan die einde van 2024 goedgekeur dat die jaareinde van die WVV van 31 Desember na 31 Oktober verskuif om meer in lyn te wees met die seisoenale verloop van die jaar. Die skuif het meegebring dat die 2025 finansiële jaar van die WVV oor slegs tien maande gestrek het. Gevolglik sluit hierdie Jaarverslag dus ook net die gebeure oor die tien maande periode in.

## 1.2 Lede van die WVV

Stargrow het in Junie 2025 uitgetree as WVV Plantverbeteringsorganisasie. Aangesien Hexberg ook teen die begin van 2025 uitgetree het as PVO, is daar tans ses geregistreerde PVOs, in vergelyking met die agt aan die einde van 2024.

## 1.3 Grondwet

Daar is in 2025 'n Grondwet werkgroep deur die WVV Raad aangewys om die volledige Grondwet te hersien, na aanleiding daarvan dat daar reeds in die vorige jaar begin is om veranderinge aan die Grondwet aan te bring. Die aanwysing van die Dagbestuur is een van die wysigings wat reeds in 2025 goedgekeur is. Die volledige hersiende dokument sal egter eers in 2026 finaal goedgekeur word.

## 1.4 Direkteure van Plant SA

Die WVV Raad het gedurende 2025 twee nuwe Direkteure, naamlik die voorsitter en die onder-voorsitter van die WVV Raad aangewys om op die Plant SA direksie te dien en na die belange van die WVV om te sien.

## 1.5 Inspekteursopleiding

Plant SA het in Junie 'n WVV Inspekteurskursus aangebied. Die kursus is deur 16 persone bygewoon, waarvan 8 bestaande inspekteurs die opknapping gedoen het. 14 Kandidate het die teorie eksamen afgelê.

## 1.6 Standaardbedryfsprosedures

Die Standaardbedryfsprosedure vir kwekerye is aangepas om voorsiening te maak vir verpligte warmwaterbehandeling vir alle bo- en onderstokenthout wat vir die kweek van tafeldruiwe aangewend word.

Die Standaardbedryfsprosedure vir blokeenhede is aangepas om die lys van rooi wyndruif kultivars waar visuele inspeksie vir Rolblaar, as ekwivalent aan toetsing erken word, uit te brei om Durif, Pinotage, Pinot Noir, Malbec en Ruby Cabernet in te sluit.

## 2. FINANSIËLE STATE SOOS OP 31 OKTOBER 2025

Volgens die voorlopige geouditeerde Inkomstestaat vir die boekjaar 1 Januarie 2025 tot 31 Oktober 2025, soos opgestel deur BGR de Villiers Ingelyf, is die boekjaar afgesluit met ‘n surplus van R 95 045.

Hierdie surplus het daartoe gelei dat die opgehoopte fondse van die WVV verhoog het vanaf R 513 754 op 1 Januarie 2025 tot R 608 799 op 31 Oktober 2025.

## 3 UITVOERENDE GESAG VAN DIE WVV

## 3.1 WVV RAAD

Me Roleen Carstens dien as Voorsitter van die WVV Raad. Die volgende lede verteenwoordig hulle onderskeie organisasies:

**Produsente**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | S Jordaan | Raisins SA |
| Mnr. | F Botha | Raisins SA (WVV onder-voorsitter) |
| Mnr. | D Moelich | SATI |
| Me. | M Petersen | SATI |
| Mnr. | S Du Toit | Vinpro NPC |
| Mnr. | JF Viljoen | Vinpro NPC |

**PVO's**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | JC Bosman | Bosman Adama |
| Mnr. | F De La Querra | Duikerfontein Kwekery |
| Me. | E Muller | SAPO |
| Me. | E Goosen | Stargrow (Tot 17.06.2025) |
| Mnr. | S Amos | TopFruit |
| Mnr. | A Van Wyk | Vititec (Tot 31.07.2025) |
| Mnr. | C Schutte | Vititec (Vanaf 10.09.2025) |
| Mnr. | C Brink | Voor-Groenberg |

**Kwekersvereniging**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | T Heydenrych Jnr | SAWKV |
| Mnr. | R Joubert | SAWKV |

**Gekoöpteerde lede**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | NL Africander | NDL (Direktoraat – Inspeksiedienste) |
| Me. | A. Kistnasamy | NDL (Registrateur - Plantverbetering) |
| Dr. | E Terblanche | Voorsitter – Wingerd Tegniese Komitee |

**Sekretaris**

| | | |
|---|---|---|
| Me. | RM Kriel | Plant SA |

## 3.2 DAGBESTUUR

| | |
|---|---|
| Me. | R Carstens |
| Mnr. | A Van Wyk (Tot 13.03.2025) |
| Mnr. | F Botha (Vanaf 13.03.2025) |
| Me. | R Kriel |

## 3.3 TEGNIESE KOMITEE

| | | |
|---|---|---|
| Dr. | E Terblanche | Vinpro (Voorsitter) |
| Mnr. | D Moelich | SATI |
| Mnr. | A Vermeulen | Raisins SA |
| Mnr. | G Botma | Bosman Adama |

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | F De la Querra | Duikerfontein |
| Me. | G Carelse | SAPO |
| Me. | L Van Der Merwe | Stargrow (Tot 17.06.2025) |
| Mnr. | AJ Jansen Van Vuuren | TopFruit |
| Mnr. | H Slabber | Vititec |
| Mnr. | J Laubscher | Voor-Groenberg |
| Mnr. | WI Laubscher | SAWKV |
| Mnr. | JH Malan | SAWKV |

**Gekoöpteer**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | P du Toit | NDL - Inspeksiedienste |
| Me. | L Frazenburg | NDL - Plantgesondheid |
| Me. | P Burger | Landbounavorsingsraad |
| Dr. | G Pietersen | Patho Solutions |
| | | |
| Me. | R Kriel | Sekretaris |

## 4. DIREKTEURE VAN PLANT SA

Die volgende WVV lede het in 2025 as direkteure van Plant SA gedien:

Mnr. HJT Heydenrych (Onder Voorsitter), Mnr. JC Bosman en Mnr JF Viljoen, met Mnr. A Van Wyk as die plaasvervangende direkteur tot en met 12.03.2025.

Me. Roleen Carstens en Mnr Ferdie Botha vanaf 13.03.2025.

## 5. LEDE VAN DIE WVV

### 5.1 Produsente organisasies

Die volgende bedryfsorganisasies was in 2025 by die WVV geregistreer om die belange van produsente te behartig:

Vinpro (wyndruifprodusente)

SATI (tafeldruifprodusente)
Raisins SA (droogdruifprodusente)

### 5.2 Plantverbeteringsorganisasies

Die volgende Plantverbeteringsorganisasies (PVO's) was gedurende 2025 lede van die WVV:

Bosman Adama
Duikerfontein
SAPO
Stargrow (tot 17.06.2025)
TopFruit
Vititec
Voor-Groenberg

### 5.3 Kwekers

Daar het 51 kwekerye geregistreer om in 2025 stokke te kweek, 21 van hierdie kwekerye is deur vier PVO's as grondveskwekerye geregistreer. Die kwekerye word op die WVV Raad en Tegniese Komitee verteenwoordig deur die Suid-Afrikaanse Wingerdkwekersvereniging (SAWKV).

Die lys van geregistreerde kwekers (in alfabetiese volgorde) is as volg:

| **SERT** | **WVV GEREGISTREERDE KWEKERYE 2025-2026** |
|---|---|
| 10226 | Attie Brink Kwekery |
| 10230 | Bacchus Kwekery |
| 10229 | Bosman Adama Kwekery |
| 12091 | Bosman Fisantevlug Kwekery |
| 12012 | Bosman Herculesfontein Kwekery |
| 12089 | Bosman Moutonshoek Kwekery |
| 12090 | Bosman Nuhoop Kwekery |
| 12155 | Bosman Riviera Kwekery |
| 10218 | Constantia Kwekery |
| 10224 | Cordiersrus Kwekery |

| | |
|---|---|
| 10779 | Duikerfontein Kwekery |
| 10203 | Elnie Kwekery |
| 10611 | Fleury Kwekery |
| 10356 | Groenendal Kwekery |
| 12099 | Hexberg-Gifberg Kwekery |
| 11514 | Hexberg Pampoentuin Kwekery |
| 12130 | Hexvines (Pty) Ltd |
| 10566 | Kingsway Vineyards (voorheen Cornerstone Nursery) |
| 10391 | Koplande Boerdery |
| 10204 | Leeuwrivier Kwekery |
| 10396 | Olifantskop Kwekery |
| 10205 | Patatskloof Familietrust |
| 10615 | Rooiheuwel Kwekery |
| 11752 | Vitigraft BK |
| 12061 | Vititec Dunedin |
| 12004 | Vititec Kleinfontein |
| 12141 | Vititec Leeuwrivier |
| 11746 | Vititec Picardi |
| 12160 | Voor-Groenberg Tonnel Kwekery |
| 10394 | Wamakersvallei Kwekery |

**PVO geregistreerde grondveskwekerye**

Bosman GV Kwekerye
SAPO GV Kwekery
Vititec GV Kwekerye
Voor-Groenberg GV Kwekerye

## 6. STAND VAN VARIËTEITE EN KLONE

### 6.1 Variëteite

Daar is gedurende die 2025 boekjaar slegs twee variëteite toegevoeg tot die amptelike variëteitslys (beide binne die skema).

Die stand van die amptelike variëteite, asook die benutting daarvan, soos op 31 Oktober 2025 word in Tabel 1 weergegee. Die tabel dui ook aan hoeveel variëteite binne elke wingerdgroep tans deur Planttelersregte beskerm word en hoeveel van die variëteite binne die skema is.

**TABEL 1** Amptelike variëteite en die benutting daarvan in 2025

| TIPE WINGERD | AMPTELIKE VARIETEITE (met PBR) | BINNE SKEMA (met PBR) | GEKWEEK IN 2025 | |
|---|---|---|---|---|
| | | | AMPTELIKE VARIETEITE (BINNE SKEMA) | NIE-AMPTELIKE VARIETEITE (BINNE SKEMA) |
| **BOSTOKKE** | | | | |
| WITWYN | 87 (3) | 68 (2) | 39 (39) | *3 (3)* |
| ROOIWYN | 80 (4) | 63 (2) | 47 (47) | *1 (-)* |
| TAFEL | 231 (181) | 105 (80) | 62 (43) | *46 (10)* |
| DROOG | 15 (4) | 14 (4) | 11 (11) | *2 (1)* |
| **TOTAAL** | **413 (192)** | **250 (88)** | **159 (140)** | ***52 (14)*** |
| **ONDERSTOKKE** | | | | |
| | 48 (3) | 28 (3) | 12 (12) | *4 (3)* |
| **GROOTTOTAAL** | **461 (195)** | **278 (91)** | **171 (152)** | ***56 (17)*** |

## 6.2 Klone

Die stand van die klone soos op 31 Oktober 2025 word in **Tabel 2** weergegee.

**TABEL 2** Aantal variëteite en klone per kategorie op die kloneregister

| DRUIFSOORT | | AMPTELIKE VARIëTEITE | | *EKSP. VAR.* | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| | | REGISTER | KANDIDAAT | *KANDIDAAT* | |
| WITWYN | VARIëTEITE | 47 | 39 | *16* | **82** |
| | KLONE | 225 | 140 | *16* | **381** |
| ROOIWYN | VARIëTEITE | 50 | 47 | *12* | **75** |
| | KLONE | 295 | 184 | *17* | **496** |
| TAFELDRUIWE | VARIëTEITE | 77 | 49 | *49* | **155** |
| | KLONE | 166 | 98 | *67* | **335** |
| DROOGDRUIWE | VARIëTEITE | 11 | 9 | | **14** |
| | KLONE | 28 | 27 | | **55** |
| ONDERSTOKKE | VARIëTEITE | 18 | 22 | *15* | **43** |
| | KLONE | 128 | 51 | *18* | **197** |
| **TOTAAL** | **VARIëTEITE** | **203** | **166** | ***92*** | **369** |
| | **KLONE** | **842** | **500** | ***118*** | **1460** |

Die vier variëteite met die meeste klone is Chardonnay met 67, Cabernet Sauvignon met 66, Shiraz met 64 en Chenin Blanc met 62.

Die volgende klone is gedurende 2025 toegevoeg tot die WVV kloneregister:

Kandidaatklone
1 witwyn
17 tafeldruif
2 onderstokke

Registerklone
2 witwyn
3 rooiwyn
10 tafeldruif
1 droogdruif

Die skrapping van klone vir 2025 het sewe onderstok-, 36 witwyndruif-, 54 rooiwyndruif-, 92 tafeldruif- en twee droogdruifklone ingesluit.

- Daar is 39 wyndruif-, 126 tafeldruif-, een droogdruif- en 20 onderstokvariëteit/e op die amptelike variëteitslys wat nie tans op die kloneregister verskyn nie. Hierdie

variëteite het in onbruik geraak of behoort aan eienaars wat nie deelneem aan die skema nie.  Slegs agt van die tafeldruifvariëteite is wel hierdie jaar gekweek.

- Daar is die afgelope jaar 48% van die bostokvariëteite op die register benut, terwyl slegs 33% van die bostokklone op die kloneregister in kwekerye gebruik is.  Vir onderstokke is daar 37% van variëteite en 24% van klone op die kloneregister benut. (Hierdie benutting verwys na plantmateriaal wat in 2025 deur geregistreerde kwekers geënt is.)

- Van die vier variëteite met die meeste klone is daar 34 klone van Chenin Blanc, 25 klone van Cabernet Sauvignon, 23 klone van Chardonnay en 16 klone van Shiraz benut.

**LET WEL**

*Vir die doeleindes van hierdie verslag is alle variëteite, insluitend Flame Seedless, wat volgens die amptelike variëteitslys as droogdruiwe aangewend kan word volledig by die droogdruiwe-komponent ingereken.*

## 7. STAND VAN BLOKKE

### 7.1 Bostokke

Die ses geregistreerde PVO's het gesamentlik 'n totaal van 3 793 bostokblokeenhede op 211 persele.  Daar is 3 868 553 bostokke op die blokregister, waarvan 6% nie status het nie omdat die blokke nuwe toevoegings is of nog nie aan al die nodige vereistes voldoen nie.

Daar is 'n totaal van 3 042 grondvesblokke waarvan 84% stok vir stok getoets is vir Rolblaar in 2025.  Hierdie getoetste stokke is slegs 42% van alle grondvesstokke.

Daar is stokke met Rolblaar simptome uitgemerk en geskrap in 181 moederblokke.

Die stand van die wingerd bostokblokke soos op 31 Oktober 2025, word in **Tabel 3** opgesom.

**TABEL 3** Aantal bostok variëteite en klone per bloktipe ingedeel volgens status

| | | STATUS | | VARIëTEITE | KLONE | PERSELE | BLOKKE | STOKKE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| WITWYNDRUIWE | GRONDVES | GESERTIFISEER | W1 | 8 | 34 | 22 | 56 | 149 811 |
| | | | W2 | 44 | 181 | 32 | 712 | 248 186 |
| | | KANDIDAAT | K1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 261 |
| | | | K2 | 41 | 83 | 10 | 188 | 7 453 |
| | | GEEN | | 16 | 37 | 9 | 61 | 56 804 |
| | | TOTAAL | | 70 | 267 | 46 | 1 019 | 462 515 |
| | MOEDER | GESERTIFISEER | W1 | 22 | 87 | 62 | 262 | 985 236 |
| | | | W2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 76 |
| | | KANDIDAAT | K1 | 3 | 3 | 3 | 3 | 7 173 |
| | | GEEN | | 13 | 28 | 15 | 32 | 69 096 |
| | | TOTAAL | | 29 | 99 | 69 | 298 | 1 061 581 |
| | | **GROOTTOTAAL** | | **70** | **269** | **89** | **1 317** | **1 524 096** |
| ROOIWYNDRUIWE | GRONDVES | GESERTIFISEER | W1 | 9 | 43 | 29 | 130 | 361 746 |
| | | | W2 | 49 | 242 | 16 | 1 155 | 79 951 |
| | | KANDIDAAT | K2 | 49 | 86 | 10 | 166 | 5 642 |
| | | GEEN | | 11 | 28 | 9 | 36 | 34 053 |
| | | TOTAAL | | 74 | 332 | 44 | 1 487 | 481 392 |
| | MOEDER | GESERTIFISEER | W1 | 30 | 110 | 78 | 316 | 1 237 936 |
| | | | W2 | 1 | 1 | 1 | 4 | 11 862 |
| | | KANDIDAAT | K1 | 3 | 3 | 3 | 3 | 1 649 |
| | | GEEN | | 13 | 16 | 14 | 23 | 58 797 |
| | | TOTAAL | | 34 | 121 | 89 | 346 | 1 310 244 |
| | | **GROOTTOTAAL** | | **75** | **347** | **113** | **1 833** | **1 791 636** |
| TAFELDRUIWE | GRONDVES | GESERTIFISEER | W1 | 24 | 29 | 8 | 45 | 20 479 |
| | | | W2 | 43 | 60 | 11 | 99 | 36 153 |
| | | KANDIDAAT | K1 | 16 | 18 | 3 | 27 | 1 812 |
| | | | K2 | 69 | 85 | 11 | 154 | 16 617 |
| | | GEEN | | 61 | 63 | 10 | 92 | 5 361 |
| | | TOTAAL | | 129 | 199 | 22 | 417 | 80 422 |
| | MOEDER | GESERTIFISEER | W1 | 11 | 14 | 17 | 23 | 84 202 |
| | | | W2 | 5 | 7 | 8 | 10 | 22 660 |
| | | KANDIDAAT | K1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 5 000 |
| | | | K2 | 3 | 4 | 4 | 4 | 16 356 |
| | | GEEN | | 8 | 10 | 10 | 11 | 20 762 |
| | | TOTAAL | | 17 | 29 | 33 | 50 | 148 980 |
| | BRON | KANDIDAAT | K1 | 8 | 8 | 4 | 11 | 8 022 |
| | | | K2 | 11 | 11 | 4 | 25 | 13 900 |
| | | TOTAAL | | 16 | 16 | 6 | 36 | 21 922 |
| | | **GROOTTOTAAL** | | **132** | **207** | **55** | **503** | **251 324** |
| DROOGDRUIWE | GRONDVES | GESERTIFISEER | W1 | 8 | 11 | 12 | 30 | 86 405 |
| | | | W2 | 8 | 18 | 18 | 61 | 117 776 |
| | | KANDIDAAT | K1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 |
| | | | K2 | 8 | 12 | 10 | 25 | 10 058 |
| | | GEEN | | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 271 |
| | | TOTAAL | | 13 | 32 | 27 | 119 | 216 515 |
| | MOEDER | GESERTIFISEER | W1 | 3 | 5 | 6 | 14 | 44 301 |
| | | | W2 | 3 | 5 | 6 | 6 | 38 568 |
| | | KANDIDAAT | K2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 113 |
| | | TOTAAL | | 5 | 7 | 11 | 21 | 84 982 |
| | | **GROOTTOTAAL** | | **13** | **32** | **36** | **140** | **301 497** |

### 7.2 Onderstokke

Die stand van die onderstokblokke, soos op 31 Oktober 2025, word in **Tabel 4** uiteengesit. Die onderstokblokke sonder status is blokke van eksperimentele variëteite waar statusse nog nie toegeken is nie en nuwe blokke waarvan die netelblaar toetse nog nie afgehandel is nie.

**TABEL 4** Aantal onderstok variëteite en klone per bloktipe ingedeel volgens die status

<table>
<tr><th></th><th colspan="2">STATUS</th><th>VARIëTEITE</th><th>KLONE</th><th>PERSELE</th><th>BLOKKE</th><th>STOKKE</th></tr>
<tr><td rowspan="5">GRONDVES</td><td rowspan="2">GESERTIFISEER</td><td>W1</td><td>10</td><td>23</td><td>20</td><td>133</td><td>527 170</td></tr>
<tr><td>W2</td><td>2</td><td>3</td><td>5</td><td>7</td><td>20 600</td></tr>
<tr><td>KANDIDAAT</td><td>K1</td><td>20</td><td>20</td><td>6</td><td>51</td><td>61 400</td></tr>
<tr><td>GEEN</td><td></td><td>14</td><td>21</td><td>11</td><td>33</td><td>79 461</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td></td><td>30</td><td>49</td><td>29</td><td>224</td><td>688 631</td></tr>
<tr><td rowspan="3">MOEDER</td><td>GESERTIFISEER</td><td>W1</td><td>9</td><td>21</td><td>40</td><td>194</td><td>871 069</td></tr>
<tr><td>GEEN</td><td></td><td>3</td><td>5</td><td>3</td><td>6</td><td>40 449</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td></td><td>9</td><td>21</td><td>40</td><td>200</td><td>911 518</td></tr>
<tr><td></td><td>GROOTTOTAAL</td><td></td><td>30</td><td>49</td><td>62</td><td>424</td><td>1 600 149</td></tr>
</table>

## 8. STOKKE BESKIKBAAR VIR DIE BEDRYF

### 8.1 Stokgetalle

Die stokke gekweek per tipe wingerd word opgesom in **Tabel 5**.

**TABEL 5** Stokke gekweek in 2025

| TIPE WINGERD | GESERTIFISEER | KANDIDAAT | ONGESERT | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| **WITWYN** | 5 232 949 | 303 925 | 303 576 | 5 840 450 |
| **ROOIWYN** | 3 239 237 | 64 113 | 51 714 | 3 355 064 |
| **TAFEL** | 1 253 850 | 596 551 | 2 372 929 | 4 223 330 |
| **DROOG** | 1 758 887 | 175 674 | 215 153 | 2 149 714 |
| **PLANTLOTE** | 261 635 | 1 900 | 157 | 263 692 |
| **TOTAAL** | **11 746 558** | **1 142 164** | **2 943 529** | **15 832 250** |

- Daar is in 2025 ‘n totaal van 1 998 260 meer stokke gekweek as in 2024.

- Die persentasie gesertifiseerde en kandidaatstokke het van 87% in 2024 afgeneem tot 81% in 2025. Hierdie afname kan grootliks toegeskryf word aan die groot hoeveelheid tafeldruiwe wat nie gesertifiseer is nie.

- Die syfers vir stokke gekweek in geregistreerde kwekerye vir 2025 word in **Tabel 6** vergelyk met die dienooreenkomstige syfers vir 2024.

**TABEL 6** Vergelykende syfers vir stokke uitgehaal 2025 teenoor 2024

| | **2024** | **2025** |
|---|---|---|
| **WYNDRUIWE** | | |
| Aantal kwekers | 32 | 32 |
| Stokke uitgehaal | 8 442 575 | 9 195 514 |
| Vatpersentasie | 38% | 44% |
| % Gesertifiseer & Kandidaat | 96,3% | 92,2% |
| **TAFELDRUIWE** | | |
| Aantal kwekers | 37 | 30 |
| Stokke uitgehaal | 3 395 680 | 4 223 330 |
| Vatpersentasie | 36% | 41% |
| % Gesertifiseer & Kandidaat | 59% | 44% |
| **DROOGDRUIWE** | | |
| Aantal kwekers | 33 | 29 |
| Stokke uitgehaal | 1 705 396 | 2 149 714 |
| Vatpersentasie | 35% | 39% |
| % Gesertifiseer & Kandidaat | 92% | 90% |
| **PLANTLOTE** | | |
| Aantal kwekers | 8 | 7 |
| Plantlote uitgehaal | 290 339 | 263 692 |
| Vatpersentasie | 62% | 66% |
| % Gesertifiseer & Kandidaat | 97% | 99,9% |
| **TOTAAL** | | |
| Aantal kwekers | 47 | 44 |
| Stokke uitgehaal | 13 833 990 | 15 832 250 |
| Vatpersentasie | 37% | 42% |
| % Gesertifiseer & Kandidaat | 87% | 81% |

## 8.2 Wyndruiwe gekweek

Die belangrikste wyndruif variëteite gekweek in 2025, word volgens status in **Tabel 7** verskaf.

**TABEL 7** Belangrikste witwyn en rooiwyn variëteite gekweek in 2025

| VARIETEIT | GESERTIFISEER | KANDIDAAT | ONGESERT. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| **WITWYN** | | | | |
| CHENIN BLANC | 1 502 389 | 77 028 | 49 011 | 1 628 428 |
| SAUVIGNON BLANC | 1 307 225 | 59 114 | 50 124 | 1 416 463 |
| COLOMBAR | 1 044 882 | 70 835 | 47 690 | 1 163 407 |
| CHARDONNAY | 920 189 | 22 475 | 1 050 | 943 714 |
| PINOT GRIS | 171 013 | 14 583 | 52 354 | 237 950 |
| MUSKADEL WIT | 73 917 | 4 891 | 37 | 78 845 |
| SEMILLON | 38 795 | 10 973 | 15 568 | 65 336 |
| MUSCAT D'ALEXANDRIE BLANC | 51 928 | 1 370 | 1 476 | 54 774 |
| GRENACHE BLANC | 44 501 | | 8 400 | 52 901 |
| VIOGNIER | 39 821 | | | 39 821 |
| IRSAI OLIVER | 3 200 | | 26 666 | 29 866 |
| GEWURZTRAMINER | 3 040 | | 20 212 | 23 252 |
| SAUVIGNON GRIS | | 22 870 | | 22 870 |
| UGNI BLANC | 1 743 | | 19 304 | 21 047 |
| ALVARINHO | | 16 190 | | 16 190 |
| ANDER (24) | 30 306 | 2 306 | 11 684 | 44 296 |
| *ANDER EKSP. (3 VAR)* | | *1 290* | | *1 290* |
| **GROOTTOTAAL** | **5 232 949** | **303 925** | **303 576** | **5 840 450** |
| **ROOIWYN** | | | | |
| CABERNET SAUVIGNON | 791 248 | 24 866 | 25 | 816 139 |
| PINOTAGE | 589 897 | 20 914 | 20 173 | 630 984 |
| MERLOT | 414 150 | 1 436 | 0 | 415 586 |
| SHIRAZ | 367 522 | 9 151 | 135 | 376 808 |
| PINOT NOIR | 318 159 | | | 318 159 |
| CABERNET FRANC | 116 443 | | | 116 443 |
| GRENACHE NOIR | 108 532 | 872 | | 109 404 |
| RUBY CABERNET | 104 509 | | | 104 509 |
| PETIT VERDOT | 91 900 | 592 | | 92 492 |
| MALBEC | 54 350 | | 8 357 | 62 707 |
| CINSAUT NOIR | 51 310 | 235 | | 51 545 |
| DURIF | 36 048 | | 1 216 | 37 264 |
| MUSKADEL ROOI | 36 979 | | | 36 979 |
| ALICANTE BOUSCHET | 29 460 | | 1 500 | 30 960 |
| TANNAT | 29 823 | | | 29 823 |
| MOURVEDRE | 28 408 | | | 28 408 |
| ROOBERNET | 17 871 | | | 17 871 |
| MARSELAN | 13 421 | | | 13 421 |
| CHAMBOURCIN | | 157 | 13 132 | 13 289 |
| SANGIOVESE | 10 406 | | | 10 406 |
| ANDER (27) | 28 801 | 5 890 | 4 350 | 39 041 |
| *ANDER EKSP. (1 VAR)* | | | *2 826* | *2 826* |
| **Grand Total** | **3 239 237** | **64 113** | **51 714** | **3 355 064** |


- Daar is ongesertifiseerde wyndruifstokke deur 14 kwekerye verklaar, 86% van die ongesertifiseerde stokke is deur vier kwekers verklaar.

Die grootste klone van die variëteite waarvan daar meer as 100 000 stokke gekweek is word in **Tabel 8** aangetoon. Subklone is vir die doel van hierdie inligting saamgevoeg. Subklone met 'n * gemerk behoort aan verskillende PVO's.


**TABEL 8** Die grootste klone van die top wyndruifvariëteite gekweek in 2025

| VARIETEIT | KLOON | KLOON 1 | KLOON 2 | KLOON3 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| **WITWYN** | | | | | |
| CHENIN BLANC | SN 220 B / SN 220 C | 266 330 | 620 351 | | 886 681 |
| | SN 258 A | | | | 252 270 |
| | SN 24 C | | | | 214 544 |
| | SN 550 C / SN 550 D | 24 741 | 25 039 | | 49 780 |
| | SN 737 R | | | | 48 208 |
| | *ANDER (24)* | | | | *176 945* |
| SAUVIGNON BLANC | SB 242 B | | | | 566 625 |
| | SB 11 O / SB 11 R | 78 165 | 211 369 | | 289 534 |
| | SB 316 G | | | | 260 705 |
| | SB 134 C | | | | 134 031 |
| | SB 317 A / SB 317 D | 57 782 | 941 | | 58 723 |
| | *ANDER (7)* | | | | *106 845* |
| COLOMBAR | *CO 1098 Q | | | | 617 299 |
| | *CO 1098 D | | | | 304 386 |
| | CO 254 E | | | | 162 364 |
| | *ANDER (4)* | | | | *79 358* |
| CHARDONNAY | CY 55 R | | | | 317 146 |
| | CY 95 B | | | | 252 380 |
| | CY 277 E | | | | 99 195 |
| | CY 96 A / CY 96 C | 49 860 | 49 045 | | 98 905 |
| | CY 76 D | | | | 56 602 |
| | *ANDER (11)* | | | | *119 486* |
| PINOT GRIS | PG 40 B | | | | 180 672 |
| | *ANDER (2)* | | | | *57 278* |
| **ROOIWYN** | | | | | |
| CABERNET SAUVIGNON | CS 338 C / CS 338 G | 195 163 | 9 415 | | 204 578 |
| | CS 15 M | | | | 178 035 |
| | *CS 163 I / CS 163 O | 40 221 | 65 136 | | 105 357 |
| | *CS 163 C | | | | 76 815 |
| | CS 46 C | | | | 66 178 |
| | CS 37 C | | | | 61 785 |
| | *ANDER (13)* | | | | *123 391* |
| PINOTAGE | PI 48 A / PI 48 C / PI 48 H | 368 246 | 926 | 208 194 | 577 366 |
| | PI 6 B | | | | 33 026 |
| | *ANDER (5)* | | | | *20 592* |
| MERLOT | MO 348 A | | | | 343 076 |
| | MO 343 / MO 343 A | 37 051 | 21 559 | | 58 610 |
| | *ANDER (4)* | | | | *13 900* |
| SHIRAZ | SH 9 C / SH 9 D | 158 458 | 8 436 | | 166 894 |
| | SH 1 C | | | | 69 808 |
| | SH 470 / SH 470 B | 4 126 | 55 547 | | 59 673 |
| | *ANDER (11)* | | | | *80 433* |
| PINOT NOIR | PN 115 A | | | | 124 354 |
| | PN 52 C | | | | 100 160 |
| | PN 777 B | | | | 41 193 |
| | *ANDER (8)* | | | | *52 452* |

In **Grafieke 1 - 2** word die top 10 witwyn- en rooiwynstokke wat oor die laaste tien jaar, gekweek is aangedui.  Die grafieke vertoon die totale getal stokke gekweek per jaar.




**Grafiek 1** Top 10 witwyn variëteite gekweek 2016 - 2025




**Grafiek 2** Top 10 rooiwyn variëteite gekweek 2016 – 2025

## 8.3 Tafeldruiwe gekweek

Die belangrikste tafeldruif variëteite gekweek in 2025, word volgens status in **Tabel 9** verskaf.


**TABEL 9** Belangrikste tafeldruif variëteite gekweek in 2025

| VARIETEIT | GESERTIFISEER | KANDIDAAT | ONGESERT. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| SUGRAFIFTYTHREE | 76 397 | 91 933 | 593 393 | 761 723 |
| IFG 68-175 | 300 791 | 2 620 | 191 633 | 495 044 |
| CRIMSON SEEDLESS | 148 970 | 54 827 | 233 477 | 437 274 |
| PRIME | | 414 | 389 200 | 389 614 |
| IFG TEN | 15 692 | 253 553 | 85 212 | 354 457 |
| IFG ELEVEN | 181 730 | 53 259 | 35 776 | 270 765 |
| ARRATHIRTYTHREE | 30 585 | | 151 549 | 182 134 |
| SUGRATHIRTYFIVE | 99 615 | 16 422 | 61 474 | 177 511 |
| REDGLOBE | 118 051 | 91 | 13 585 | 131 727 |
| SHEEGENE 2 | 107 166 | 13 574 | 771 | 121 511 |
| SHEEGENE 21 | 108 279 | 3 889 | 477 | 112 645 |
| ARRAFIFTEEN | | | 102 121 | 102 121 |
| SUGRANINETEEN | 937 | | 85 149 | 86 086 |
| SUGRAFIFTYFOUR | 2 881 | 1 791 | 44 373 | 49 045 |
| SHEEGENE 20 | 19 991 | | 23 709 | 43 700 |
| GRAPAES | | 28 | 40 396 | 40 424 |
| ITUMSEVEN | 815 | 38 166 | | 38 981 |
| SUGRAFIFTYSIX | | 12 311 | 25 652 | 37 963 |
| IFG SEVEN | 4 199 | | 33 671 | 37 870 |
| SUGRAONE | 13 | | 34 158 | 34 171 |
| MOUNTAIN PEARL | | | 32 319 | 32 319 |
| ARRATHIRTY | | | 27 620 | 27 620 |
| ARRATWENTYNINE | 26 681 | | 105 | 26 786 |
| IFG THIRTY-SEVEN | | 14 787 | 11 693 | 26 480 |
| ARDTHIRTYFIVE | | 777 | 20 663 | 21 440 |
| TAWNY SEEDLESS | | 20 450 | | 20 450 |
| EVANS DELIGHT | | | 19 588 | 19 588 |
| SUGRATHIRTYFOUR | | 250 | 17 052 | 17 302 |
| IFG SEVENTEEN | 5 194 | 2 299 | 8 099 | 15 592 |
| ARDTHIRTYSIX | | 65 | 13 950 | 14 015 |
| ARRAFOURTEENONE | | | 12 476 | 12 476 |
| *VOLCANI 1744* | | *120* | *11 243* | *11 363* |
| ANDER (25 VAR) | 5 863 | 12 899 | 35 380 | 54 142 |
| ANDER (6 VAR) | | | 9 316 | 9 316 |
| *ANDER EKSP. (9 VAR)* | | *2 026* | *5 840* | *7 866* |
| *ANDER EKSP. (36 VAR)* | | | *1 809* | *1 809* |
| **GROOTTOTAAL** | **1 253 850** | **596 551** | **2 372 929** | **4 223 330** |

- In **Tabel 8** hierbo word variëteite binne die skema in groen uitgelig, terwyl eksperimentele variëteite in blou aangedui is.

- Waar ongesertifiseerde stokke van variëteite binne die skema gekweek is, is daar óf nie voldoende gesertifiseerde plantmateriaal beskikbaar nie of in sommige gevalle gebruik kwekers plantmateriaal wat nie deur ’n PVO uitgereik is nie.

In **Grafiek 3** word die top 25 tafeldruifvariëteite wat oor die laaste tien jaar, gekweek is aangedui. Die grafiek vertoon die totale getal stokke gekweek per jaar. Die variëteite is gerangskik van grootste na kleinste getal stokke gekweek oor die tien jaar periode.




**Grafiek 3** Top 25 tafeldruif variëteite gekweek 2016 – 2025

## 8.4 Droogdruiwe gekweek

Die droogdruif variëteite gekweek in 2025, word volgens status in **Tabel 10** verskaf.


**TABEL 10** Droogdruif variëteite gekweek in 2025

| VARIETEIT | GESERTIFISEER | KANDIDAAT | ONGESERT. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| MERBEIN SEEDLESS | 886 758 | 36 107 | 7 875 | 930 740 |
| SELMA PETE | 682 491 | 75 351 | | 757 842 |
| FLAME SEEDLESS | 12 248 | 14 742 | 169 061 | 196 051 |
| SUGRATHIRTYNINE | 125 532 | 30 039 | 5 480 | 161 051 |
| ZANTE KORENTE | 26 258 | 154 | | 26 412 |
| SULTANINA | 24 121 | | 1 776 | 25 897 |
| SUNDOWNER | | 561 | 24 492 | 25 053 |
| DOVINE | | 8 666 | | 8 666 |
| DIAMOND MUSCAT | 1 479 | | 4 025 | 5 504 |
| SUNMUSCAT | | 3 932 | | 3 932 |
| DATAL | | | 1 485 | 1 485 |
| *ANDER (2 VAR)* | | *6 122* | *959* | *7 081* |
| **GROOTTOTAAL** | **1 758 887** | **175 674** | **215 153** | **2 149 714** |

- In **Tabel 9** hierbo word variëteite binne die skema in groen uitgelig, terwyl eksperimentele variëteite in blou aangedui is.

- Waar ongesertifiseerde stokke van variëteite binne die skema gekweek is, is daar óf nie voldoende gesertifiseerde plantmateriaal beskikbaar nie of in sommige gevalle gebruik kwekers plantmateriaal wat nie deur 'n PVO uitgereik is nie.

In **Grafiek 4** word die top 10 droogdruifvariëteite wat oor die laaste tien jaar, gekweek is aangedui. Die grafiek vertoon die totale getal stokke gekweek per jaar. Die variëteite is gerangskik van grootste na kleinste getal stokke gekweek oor die tien jaar periode.




**Grafiek 4** Top 10 droogdruif variëteite gekweek 2016 – 2025

### 8.5 Onderstokke benut

Die onderstokke benut vir 2025 word in **Tabel 11** opgesom, die getal onderstokke per wingerdtipe word met die statusse soos uitgereik weergegee.

**TABEL 11** Onderstokke benut in kwekerye vir 2025

| TIPE WINGERD | W2 | W1 | K2 | K1 | O | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| WITWYN | 22 | 5 758 521 | | 51 195 | 30 712 | 5 840 450 |
| TAFELDRUIWE | | 3 954 536 | 40 | 1 500 | 267 254 | 4 223 330 |
| ROOIWYN | | 3 350 586 | | 592 | 3 886 | 3 355 064 |
| DROOGDRUIWE | 225 399 | 1 794 401 | 10 060 | 104 786 | 15 068 | 2 149 714 |
| **GROOTTOTAAL** | **225 421** | **14 858 044** | **10 100** | **158 073** | **316 920** | **15 568 558** |

Die onderstokvariëteite, met die statusse daarvan, benut vir 2025 word in **Tabel 12** gegee.

**TABEL 12** Onderstok variëteite benut in 2025

| ONDERSTOK | W2 | W1 | K2 | K1 | O | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| RAMSEY | | 9 512 668 | 40 | | 267 164 | 9 779 872 |
| P1103 | | 1 915 806 | | 88 731 | 49 731 | 2 054 268 |
| RICHTER 110 | | 1 186 223 | | 25 998 | | 1 212 221 |
| US 8-7 | 22 | 967 998 | | | | 968 020 |
| RICHTER 99 | | 480 486 | | | | 480 486 |
| 101-14 | | 449 560 | | | | 449 560 |
| 143 B | 201 174 | 173 319 | 10 060 | 12 970 | | 397 523 |
| RUGGERI 140 | | 80 251 | | 29 489 | | 109 740 |
| SO 4 | | 76 674 | | | | 76 674 |
| MAKSTOK | 24 225 | 12 532 | | | | 36 757 |
| FREEDOM | | 2 527 | | 25 | | 2 552 |
| RS-3 | | | | 793 | | 793 |
| *KINGFISHER* | | | | | *25* | *25* |
| *GRN-4* | | | | *23* | | *23* |
| *GRN-2* | | | | *16* | | *16* |
| *GRN-3* | | | | *16* | | *16* |
| RS-9 | | | | 12 | | 12 |
| **GROOTTOTAAL** | **225 421** | **14 858 044** | **10 100** | **158 073** | **316 920** | **15 568 558** |

*Variëteite in kursief aangedui, is eksperimenteel en verskyn nog nie op die amptelike variëteitslys nie.*

## 9. OPSOMMING

Die verbouing van kwekerystokke was weereens in 2025 van hoogstaande gehalte met 'n gemiddelde vatpersentasie wat 5% hoër was as in die vorige jaar. Daarby was die persentasie gesertifiseerde stokke, met die uitsondering van tafeldruiwe, bo 90%.

Ten spyte daarvan dat twee PVO's hulle deelname aan die WVV onttrek het, het die WVV daarin geslaag om steeds finansieel stabiel te bly met 'n geringe toename in die opgehoopte fondse. Die mikpunt wat vroeg in die jaar gestel is, nl. om ten minste 50% van die jaarlikse omset in opgehoopte fondse beskikbaar te hê, is egter nog baie ver weg.

Die hersiening van die Grondwet maak goeie vordering en die mikpunt is om die projek vroeg in 2026 af te handel. Daar is ook in 2025 begin om aan die Standaardbedryfs-prosedure vir kwekerye aandag te skenk en die hersiende dokumentasie sal ook vroeg in 2026 gefinaliseer word.

Daar word deurlopend aandag geskenk daaraan om die standaardbedryfsprosedures en die skema toepaslik te hou in 'n voortdurend veranderende landskap. Die fokus van die Raad bly egter om te verseker dat geen verandering of aanpassings die skema sal afwater of 'n negatiewe impak op die kwaliteit van plantmateriaal sal hê nie.

## 10. DANKBETUIGING

Die WVV wil graag dank betuig teenoor elke PVO en kweker wat bygedra het om van 2025 'n suksesvolle jaar te maak vir die Suid-Afrikaanse Plantsertifiseringskema vir *Vitis*. Hiermee ook dank aan al die individue wat in 2025 op die WVV Raad, Tegniese Komitee en Werkgroepe gedien het.

| | |
|---|---|
| Roleen Carstens | Rachel Kriel |
| **WVV Voorsitter** | **WVV Sekretaris** |